

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 71

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Die lied van die Lam

*"Aan u, o Lam van God, 'n nuwe lofgesang!
Want u is waardig om die wonderboek te ontvang
en oop te breek — die boek van toekoms en verlede
en van wat word, geskryf van Gods verborgenhede.
U's waardig, U alleen, omdat die werk volbrag is,
toe U as offer vir ons sondeskuld geslag is.*

*U't van die Hemel hoog op aarde neer wou daal,
en ons vir God gekoop uit alle volk en taal.
Die losprys was u bloed, wat U vir ons gestort het,
waardeur ons, rein gewas, 'n priestervolk geword het
en konings in die ryk van onverstoorb're vrede,
om God te dien en eer in eind'lose ewighede."*

Skrifberyming 8:1 en 2.

Weerlê dit...

Op 31 Oktober 1517 het Maartin Luther 95 stellings teen die kerkdeur van Wittenberg gespyker. In daardie tyd het dit beteken dat hy as geleerde enigeen uitdaag om sy stellings te weerlê.

Dit was die begin van die groot kerkhervorming — later deur veral Calvyn in besonderhede uitgewerk. Vandag bely ons nog saam met daardie manne die groot waarhede van die Bybel.

Ons wil hierdie bladsy aan u voordeur vasspyker. U word uitgenooi om dit met bewyse en argumente te weerlê.

Ons bely dat die Woord van God, die Bybel, nie voortgebring is deur die wil van 'n mens nie, maar dat die skrywers, deur die Heilige Gees gedrywe, dit gespreek het.

Ons bely dat alle mense verdorwe is in hulle natuur — geheel en al besmet en van nature radikaal verlore.

Ons bely dat die geluksaligheid en vrede alleen geleë is in die herstelde verhouding met God wat nie moontlik is sonder die geloof in Jesus Christus nie. Hy het die oordeel gedra en alleen deur die ware geloof kry ons deel aan sy verdienste, wat ons ongeregtighede bedek.

Ons bely dat hierdie waaragtige geloof, in die mens gewerk deur die gehoor van die Woord van God en die werking van die Heilige Gees, hom 'n nuwe lewe laat lei en hom vrymaak van die slawerny van die sonde.

Ons bely dat die kerk die moeder van die gelowiges is en dat daarbuite geen saligheid is nie. Niemand, van watter stand of waardigheid hy ook al mag wees, behoort hom daaraan te onttrek om op sy eie te bestaan nie, maar dat hulle almal (wat sê dat hulle glo) verplig is om hulle daarby aan te sluit en daarmee te verenig.

Dit is die algemene geloof. As iemand dit nie getrou en vas glo nie, sal hy nie salig kan word nie. Verder is dit die belofte van die Evangelie dat elkeen wat in die gekruisigde Christus glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.

Weerlê, verwerp, verhard, vergeet... maak net soos u wil. Onthou egter: hierdie stellings staan ewig vas. Ons bede is: onderwerp u!

W. J. de Klerk

Vyf dinge waarvoor jy bang is

1. Jy is bang vir God.

Daar is 'n groot afstand tussen Hom en jou en jou gewete kan by tye jou in die hoek vaskeer met dié gedagte dat die ontmoeting met God sal kom en dat die ontmaskering dan sal plaasvind. Die uur van verantwoording sal kom... en hierdie feit maak jou bang, want deur jou opvoeding bly die herinnering aan God nog altyd 'n werklikheid in jou lewe.

2. Jy is bang vir die verlatenheid.

Dit is so 'n troostelose gedagte om alleen te wees. Die dag as alles en almal jou verlaat en jy oud en afgeleef langs die pad moet gaan lê, terwyl die volle stroom van die lewe by jou verbygaan.

3. Jy is bang vir die skuldgevoel.

Die knaende selfverwyt dat jy jou eie lewe en ander se lewens verknoei het.

4. Jy is bang vir die lewe.

Die onvoorspelbare lewe wat om die volgende draai jou drome inmekaar kan laat stort. Die toekoms wat jy nie ken nie... die skielike swaai van alles wat nou vir jou gunstig is.

5. Jy is bang vir die dood.

Dit is vir jou die toppunt van verydeling — die onbekende sprong.

Wat is ons antwoord hierop?

Ek gaan nou vir jou 'n pragtige volsin neerskrywe. Die geloof verlos my van die vyf vrese, want alleen deur die geloof kan ek sê:

"Dat ek met liggaam en siel, in lewe en in sterwe, nie aan myself nie, maar aan my getroue Saligmaker Jesus Christus toebehoort, wat met sy dierbare bloed vir al my sondes ten volle betaal en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos het en my so bewaar dat sonder die wil van my hemelse Vader geen haar van my hoof kan val nie, ja ook dat alles tot my saligheid moet dien; daarom verseker Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak Hy my van harte gewillig en bereid om verder vir Hom te lewe."

Verlos van die vrees vir God, want deur die geloof is God die ontfermende, verlossende Here. Verlos van die vrees vir die verlatenheid, want deur die geloof vind ons gemeenskap, omgang, gesprek met die altyd-teenwoordige Here.

Verlos van die vrees vir die skuld, want deur die geloof is daar betaling, bedekking en bevryding. Verlos van die vrees vir die onberekenbare lewe, want deur die geloof is daar die wete van die bewaring en beplanning van my lewe in 'n groot onherbergsame wêreld.

Verlos van die vrees vir die dood, want deur die geloof is ons erfgename van die ewige lewe. Vrees of geloof — dit is die vraag.

W. J. de Klerk

Calvyn-woorde

Wat kom beter en meer ooreen met die geloof, as om te erken dat ons ontbloot is van alle deug, sodat ons deur God bekleed mag word? Dat ons leeg is van al wat goed is, sodat ons deur Hom gevul mag word? Dat ons slawe van die sonde is, sodat ons deur Hom bevry mag word? Dat ons blind is, sodat ons deur Hom verlig mag word? Dat ons kreupel is, sodat ons deur Hom gelei mag word? Dat ons swak is, sodat ons deur Hom ondersteun mag word? Dat ons aan onself alle stof tot roem ontnem, sodat Hy alleen roemryk mag uitblink en ons in Hom mag roem?

Verder, wat is meer in ooreenstemming met die geloof as om God voor te stel as 'n genadige Vader wanneer Christus erken word as Broeder en Versoener; as om alle vreugde en voorspoed onbekommerd van Hom te verwag, Wie se onuitspreeklike liefde vir ons sover gegaan het, dat Hy sy eie Seun nie gespaar het nie maar hom vir ons oorgegee het (Rom. 8:32); as om in die vaste verwagting van saligheid en ewige lewe te berus as ons dink dat Christus deur die Vader gegee is, in Wie sulke skatte verborge is?

(Calvyn)

Betaal vir jou saligheid?

Een van die praktyke in die Roomse Kerk waarteen Maarten Luther heftig geprotesteer het, was die sogenaamde **aflaatstelsel**.

Hierdie aflaatstelsel het daarop neergekom dat 'n mens — so is beweer — deur die betaling van 'n hoeveelheid geld, verlossing van sondes en derhalwe die ewige saligheid kan verkry. Selfs is verklaar dat betaal kon word vir die sondes van geliefdes wat reeds gesterf het en nog in die "vagevuur" verkeer.

Hierdie praktyk is sedert die dae van die Hervorming met groot beslistheid deur Protestante afgekeur as geheel en al onbybels en onchristelik.

Maak ons ook so?

Tog wil dit voorkom asof hierdie praktyk besig is om in die laaste tyd weer sy kop uit te steek — al is dit dan in 'n effens ander gedaante as vroeër in die Roomse Kerk.

Wat hier bedoel word, is dat daar baie mense is wat hulself nog Christene noem, maar kerklik baie weinig met die gemeente van die Here meelewe en saamstry. Hulle kerkbesoek laat veel te wense oor. Van 'n daadwerklike uitlewing van hulle geloof, sien jy by hulle baie min. Die Christelike opvoeding van hulle kinders is vir hulle ook nie so 'n ernstige saak nie. Hulle doen in die reël werklik nie veel om meerdere kennis van die Woord van die Here te verkry en hulle self te verdiep in hulle geloof nie.

Een ding doen hulle darem en dit is om kerklike bydraes te gee. Daarmee reken hulle word die verkeerde wat hulle andersins doen, weer reggemaak; so word die skaal weer in hulle guns na die regte kant toe oorgedruk.

Daarom — so dink hulle — mag die kerkraad hulle nie verbied om Nagmaal te gebruik nie en mag die doop van hulle kinders ook nie geweier word nie.

Ter wille van hulle gereelde bydraes het God ook nie die reg om hulle te verwerp nie — so reken hulle. Hulle betaal mos vir hulle saligheid, al is die godsdienstige geen effektiewe krag in hulle lewens nie.

God word nie omgekoop nie.

Hoe dwaas is hierdie gesindheid en handelswyse nie — asof God Hom deur mense met hulle geld sou laat omkoop?

'n Mens kan werklik nie anders as om in hierdie verband aan die apostel Petrus se antwoord aan Simon die towenaar te dink nie. Petrus het aan hom gesê: "Mag jou geld saam met jou vergaan, **omdat jy gedink het om die gawe van God deur geld te verkry.** Jy het geen deel of lot in hierdie saak nie, want jou hart is nie reg voor God nie. Bekeer jou dan van hierdie boosheid van jou en bid God of die gedagte van jou hart jou miskien vergewe mag word." (Hand. 8:22).

Die Spreukedigter stel dit ook baie duidelik: "Die offer van die goddelose is vir die Here 'n gruwel" (Spr. 15:8).

Ons moet nooit dink dat ons iets voor die Here kan verdien bloot deur ons offergawes — deur ons kerklike bydraes nie.

Een het betaal.

Daar is net een wat kan betaal vir ons saligheid en dit is Jesus Christus. Dit het hy ook gedoen deur sy bittere en smadelike lyde aan die kruis op Golgota. Daar het Hy vir al ons sondes ten volle betaal.

As ons nou offergawes gee, moet dit opkom uit 'n hart wat oorloop van dankbaarheid teenoor die Here Jesus Christus omdat Hy vir ons betaal het. Waar hierdie gesindheid ontbreek en die verlossing deur Christus geen aangrypende, heerlike werklikheid is nie, is dit beter om nie gawes vir die diens van die Here te gee waardeur 'n mens jouself en ander (veral die kerkraad) bedrieg en reken dat jy so maandeliks by God afbetaal vir jou plek op die nuwe aarde nie.

P. J. de Bruyn

DIE GELOOF - 'N HOUVAS

In een van sy baie boeke skryf die beroemde Duitse teoloog, dr. Helmut Thielicke, die volgende:

Ek onthou 'n ongelowige moeder wat al tientalle jare gelede met die kerk gebreek het. Na 'n lang periode het ons mekaar weer gereeld ontmoet by die bed van haar seun wat onder bittere pyn en lyding besig was om te sterwe. Ek het gesien hoe sy hom in stille gelatenheid verpleeg, hom in sy laaste nood feitlik heeltemal opneem en versorgend in haar moederlikheid dra. Sy het hoegenaamd nie laat merk hoe sy self deur smart en angs verteer word nie.

Onder die indruk hiervan het ek eendag spontaan aan haar gesê "Ek bewonder u optrede." Daarop het sy my hierdie oorbluffende antwoord gegee: "Ja... optrede miskien... maar moenie probeer om te kyk wat daaragter sit nie... ek het niks waaraan ek vashou nie."

Hierdie ongelowige en vertwyfelde, maar baie dapper antwoord het ek lank onthou. Toe het dit vir my duidelik geword wat geloof werklik beteken:

Geloof beteken om 'n houvas te hê en daardeur gegrond te wees op die fondament wat God self gelê het en wat Hy self ook uiteindelik is.

Ek hou nie van die kerk nie

Die kerk het sy kontak met die hedendaagse mens verloor. Daar is so baie soorte kerke dat dit 'n mens net verwar. Die kerkmense stel in baie opsigte geen voorbeeld nie. Ek kan my Here ook net so goed sonder die kerk dien. Daar sit baie mense op die kerkraadsbanke wat daar nie hoort nie.

Die meeste preke is vervelig en raak my nie eintlik nie. Ek hou nie daarvan om kerk toe gedwing te word nie. 'n Mens behoort kerk toe te gaan as jy so voel. Daar word ook in die kerk al te veel klem op geld gelê. Die kerkdienste moet meer in mense se smaak val en nie so droog wees nie. Die kerk het veral vir die soekende jongmense te min om aan te bied. Miskien kan u nog meer kritiek lewer op die kerk as wat hier opgesom is.

Baie van hierdie kritiek is gegrond, want die kerk gee nie voor om volmaak te wees nie, **maar** het u al daaraan gedink wat die kerk eintlik eerlik wil doen. Die kerk wil graag die Here dien. Hierdie onvolmaakte, gelowige mense wil graag gestig word met die lewende en onvervalsde Woord van God.

Die kerk behoort in die eerste plek aan die Here. Dit is Hy wat deur sy Gees in die harte werk en wat saamroep. Ons Here Jesus het die kerk duur gekoop met sy bloed. Dit is sy LIEFDE wat hierdie mense saambind. Hy het juis gekom om sondaars soos u en ek te roep tot die saligheid.

Daarom het die kerk as reformerende kerk miskien juis u goeie advies daar nodig. U meelewing, u gawes, u talente kan miskien daar gebruik word om die vreeslike onvolmaakte toestand te verbeter. Onthou die beste stuurman staan aan wal. Ons wil u graag saam met ons hê. Miskien is u onkunde en afsydigheid een van die grootste redes van kritiek. Die Here het u nodig.

As u sê dat u die Here liefhet, sal u ook sy kerk opsoek. Afsydigheid van die kerk is duidelik 'n bewys van onverskilligheid teenoor die Here self. Pasop vir selfbedrog! Wat is God se kritiek oor u en u lewe? Moenie wag totdat dit te laat is nie.

L. Buys

Wat baat dit om God te dien?

Nee, dit sal jou niks help as jy dink dat jy deur God te dien in 'n kort tydjie skatryk gaan word nie! Baie mense dink so! As hulle God vir 'n tydjie "gedien" het en dit gaan met hulle glad nie beter as vroeër nie of dit gaan met hulle selfs slegter as vroeër, dan sê hulle baie gou: "Dit help tog niks om God te dien nie."

Die groot probleem van hierdie mense is dat hulle die waarde van godsdiens wil sien in suksesse, voorspoed, allerlei seënige en veral in klinkende munt. Hoe het die seekat-arms van die materialisme baie mense tog nie al vasgegryp nie! Alles, ook die godsdiens, word beoordeel in terme van geld en besittings, wins en verlies. Die mense wat so dink, maak van God 'n handelaar of 'n winkelier: ek gee Hom iets — ek dien Hom — nou moet Hy weer aan my iets gee — Hy moet my seën en my ryk maak!

Hoe blind is die mense wat so praat tog nie! Hulle het nog nooit gemerk dat God reeds soveel aan hulle gegee het, dat hulle Hom alleen maar uit dankbaarheid vir al sy weldade kan dien nie. Dink net wat het Hy alles al aan ons gegee: kos, klere, krag, gesondheid, vrou, kinders, 'n dak oor ons hoof, sonskyn, reën — ja, te veel om op te noem. Wat nog daarvan dat God sy eniggebore Seun aan ons geskenk het wat in 'n bittere en smadelike lyde die smarte van die hel gedra het om ons ewig daarvan te verlos, sodat ons kan deel in die ewige en heerlike saligheid wat Hy vir ons verwerf het?

As 'n mens dit raakgesien het, besef jy dat net die vraag: "Wat baat dit om God te dien?" 'n sondige en vermete te vraag is. Ek moet God dien uit dankbaarheid vir wat Hy reeds vir my gedoen het en nog doen! Nou hoor ek al die teenstand: "Ja, jy kan nou wel so sê, maar ek weet van goddelose mense wat skatryk geword het en lekker lewe. Daarteenoor is daar ook gelowige en vrome mense van wie ek weet dat hulle bitter swaar kry en moet worstel om kop bo water te hou. Hoe moet ek dit verstaan?"

Met hierdie probleem het baie mense al geworstel — ook mense van wie die Bybel ons vertel. Een van hierdie mense is Asaf, die digter van Psalms 73. Hy het ook die geweldige voorspoed van die goddelose gesien en daarteenoor sy eie teëspoede en ellende. Toe het hy ook gedink dat dit tevergeefs is om God te dien.

Nêrens kon hy lig vind op sy probleem nie, totdat hy in die heiligdomme van God ingegaan het. Daar in die Woord en in die kerk van God het hy die oplossing gevind. Daar het God hom laat sien dat die voorspoed van die goddelose juis hulle ondergang beteken. Hulle voorspoed is soos gladde plekke waarop hulle staan om maklik daarvan af te gly en in 'n ewige puin en verderf te val. Omdat hulle so voorspoedig is, dink hulle dat hulle sonder God kan lewe. Hulle vergeet Hom, verwerp Hom en gaan verlore. Hulle voorspoed is dus hulle ondergang!

In die heiligdomme, die Woord en die kerk van God, is die digter gewys op die einde van hierdie mense en... dit was verskriklik! Terwyl dit hier op aarde met hulle so goed gaan, sal dit met hulle op die dag as hulle sterf alles behalwe goed gaan. Daarteenoor mag dit met die gelowige hier op aarde sleg gaan, maar as hy sterf, word hy opgeneem in heerlijkheid.

Toe die digter van Psalm 73 dit gesien het, het hy rus en vrede in die gemoed gekry. Die voorspoed van die goddelose was vir hom geen struikelblok meer nie. Hy begeer hulle voorspoed ook nie meer nie, want hy sien die groot gevaar wat dit inhou. Daarby leer die Bybel ons dat teëspoede en smarte soms goed is vir die mens omdat dit jou daartoe bring om jou diepe afhanklikheid van God te besef, sodat jy naby Hom kan lewe.

Nou vra die digter nie meer: "Wat baat dit om God te dien?" nie, maar sy grootste vreugde bestaan daarin om in voorspoed en teëspoed naby God te wees. Buitendien sien hy dat die diens aan die Here inderdaad 'n geweldige bate het — 'n bate wat 'n mens hier op aarde reeds ervaar — nie juis in voorspoed, geluk en rykdom nie, maar deurdadig jy vrede in die hart en rus in die gemoed het in die vergewing van sondes deur Jesus Christus. Die bate wat die diens van God het, sal 'n mens veral na

die dood ervaar. Dan — so sê die Here deur die profeet Maleagi aan die mense wat in sy tyd met dieselfde probleem geworstel het — dan, na die dood en veral met die wederkoms van Christus "sal julle weer die onderskeid sien tussen die regverdige en die goddelose, tussen die wat God dien en die wat Hom nie dien nie." (Mal. 3:18).

Dan sal ons die volle antwoord vind op die sondige vraag: "Wat baat dit om God te dien", omdat die gelowige dan uit die mond van die Here sal hoor: "Gaan in — in die vreugde van jou Heer," maar die goddelose sal uit sy mond verneem: "Gaan weg van My in die ewige straf. Ek het julle nooit geken nie."

Hou dan op om te vra: "Wat baat dit om God te dien?" Neem Christus, die groot Gawe van God aan as u persoonlike Verlosser en dien Hom uit dankbaarheid.

P. J. de Bruyn

Langs skone heuwelrye

*'n Yd'le vrees beklem my nou nie meer:
ek stel die Heer gedurig my voor oë.
My hart is bly. en juigend meld my eer:
"Sy regterhand sal nooit my val gedoë."
Ook sal my vlees, as hier my stryd gestry is,
nog veilig woon, omdat die Heer naby is.*

*U sal my siel nie oorgee in die dood,
my pad buig op langs skone heuwelrye.
U sal nie toelaat dat u gunsgenoot
verderwing sien in donker doodsvalleie.
By U is ewig vreug en volle vrede,
en in u hand 'n snoer van lieflikhede.*

Psalm 16:4, 5.